

# Die seël van God of die merkteken van die dier?



## SABBATMIDDAG

### Leesverwysings vir hierdie week se studie:

*Genesis 17:9-11; Eksodus 31:13, 17; Openbaring 13:17; Efesiërs 1:13, 14; Hebreërs. 4:9, 10.*

### Geheeteks:

“Groot en wonderbaarlik is u dae, Here God, Almagtige. Reg en betroubaar is u optrede, Koning van die nasies” (*Op.15:3, NAB*).

**D**ie lied van Moses en die Lam begin met die woorde van vandeeweek se geheeteks. Dit word gesing deur “die mense wat die oorwinning behaal het oor die dier en sy beeld en die getal van sy naam” – hulle sing dit by die see van glas, in die hemel (*Op. 15:2, NAB*). Dit laat ’n mens wonder: Hoe kan ek en jy deel van daardie skare wees? Die mees kenmerkende teken dat ’n mens een van God se ware eindtydkinders is, is dat jy die drie-engeleboodskap verkondig, die een waarin die mensdom teen die merkteken van die dier gewaarsku word. Nêrens in die Bybel word die leser so ernstig gewaarsku soos teen die merkteken van die dier nie, tog het mense ’n magdom uiteenlopende opinies oor wat dit presies is. Is dit ’n strepieskode op die voorkop, ’n kredietkaartnommer of dalk ’n vorm van biometriese identifikasie? Dit skep baie verwarring. Teenstrydige idees is volop in Babilon en bring konstant nuwes voort. Tog is dit geensins ’n verrassing vir die gelowige nie, aangesien die verbandhoudende woord, “Babel,” verwarring beteken. ’n Duidelike begrip van hierdie onderwerp is wat God se oorblyfselkerk egter benodig, indien sy die drie-engeleboodskap op ’n kragtige wyse wil verkondig. In vandeeweek se les probeer ons die presiese aard van die merkteken van die dier beter te verstaan. Ons vra ook: Hoe kan ’n mens dit vryspring? En ons sien ook dat dit slegs moontlik is deur die seël van God te ontvang.

*\*Bestudeer hierdie week se les as voorbereiding vir Sabbat, 14 Junie.*

## Die kenteken vir God se Kinders

**In** Ou-Testamentiese tye was daar twee verskillende “kentekens” waaraan God se kinders uitgeken kon word. Die besnydenis was een van hulle. Aan wie is daardie kenteken heel eerste gegee? *Gen. 17:9-11; Eks. 31:13, 17.*

---

God het beveel dat Abraham en sy nageslagte hulle moes laat besny het, as simbool van die verlossingsverbond tussen God en sy kinders. Alle seuntjies moes op die agtste dag besny gewees het (*Lev. 12:3*). Hierdie ritueel het egter ’n dieper betekenis. Dit was veronderstel om te dui op die gelowige se behoefte aan “die besnydenis van die hart” aan innerlike transformasie (*lees Deut. 30:6, OAB*). Dit is hoekom Paulus skryf: “Enigeen wat uiterlik ’n Jood is, is nie noodwendig ’n Jood nie; en enigeen wie liggaamlik besny is, is nie noodwendig ’n besnede persoon nie. Nee, hy is ’n Jood wat dit innerlik is, en dit is besnedenheid wat in die hart gedoen is deur die Gees, nie volgens die wetsvoorskrifte nie. So iemand ontvang lof, nie van mense nie, maar van God” (*Rom. 2:28, 29; NAB, effense herformulering van vers 28 ter wille van duidelikheid*). Tekstevse soos 1 Korintiërs 7:19, Galasiërs 5:6 en hfst. 6:15 toon dat die besnydenis in die Nuwe Testament oorgegaan het in die doop – die bekeringsimbool wat toon dat die dopeling ’n “nuwe skepsel” is (*Gal. 6:15, OAB*), dat hy of sy vir sonde dood is, en in Christus herlewe het (*lees Rom. 6:3, 4*). Dit is hoekom Paulus sê dat die besnydenis uitgedien is. “Die geloof wat deur die liefde werk” en “die onderhouding van die gebooe van God” – dít is wat tel.

**Wat** was die tweede kenteken ter identifisering van God se kinders, en hoekom het God ons daardie simbool gegee? (*Eks. 31:13, 17; Eseg. 20:12, 20*).

---

Let op die feit dat die Sabbat as kenteken al sedert die Skepping in gebruik is (*lees ook Gen. 2:2, 3*), terwyl die besnydenis eers by Abraham begin het. Aangaande die Sabbat, as deel van Genesis en die skepping, sê Jesus: “Die sabbat is gemaak vir die mens” (*Mark. 2:27, OAB*). Dit toon dat ons aan God behoort – eerstens as sy handewerk, en tweedens omdat Hy ons ter wille van verlossing regverdig en heilig maak. Hoewel Paulus dus sê dat die besnydenis nie meer belangrik is nie, is die tien gebooe (waarvan die Sabbat deel is) volgens hom steeds bindend (*lees Heb. 4:9*).

**Hoe toon ’n mens deur jou denke en bedoelings dat jy werklik besnede van hart is?**

## Die dier en vals aanbidding

**Lees** die volgende teksverse. Om “die merkteken van die dier” te vermy, is van kardinale belang? Hoe toon die gelese teksverse dit? *Op. 13:17; hfst. 14:9 en 10, en 16:2.*

---

---

Om die volle wraak van God te ontvang, en ook onder die sewe laaste plaes deur te loop, net om uiteindelik in die vuurpoel te beland – dit verskil darem hemelsbreed van die lot van diegene wat geweier het om die merkteken van die dier te ontvang, dié wat by die see van glas staan en as oorwinnaars die lied van Moses en die Lam ter ere van God aanhef! Wat is daardie merkteken wat ’n mens liefs nie wil ontvang nie? In die bogaande verse hou dit duidelik verband met vals aanbidding. Soos ons boonop in ’n vorige les gesien het, sal die vierde dier van Daniël 7 in sy slotfase (wat ook in Openbaring 13 uitgebeeld word as die dier wat uit die see opkom), “probeer om tye en wet te verander” (*Dan. 7:25, OAB*). Een van die wette wat hy gepoog het om te verander, was die Sabbat, die vierde gebod – die enigste van die tien wat met tyd te make het, en direk melding maak van God as die Een wat “die hemel en die aarde gemaak, die see en alles wat daarin is, en op die sewende dag... gerus [het]” (*Eks. 20:11, OAB*).

Besonder betekenisvol is die feit dat die eerste engel die leser na daardie gebod terugneem, die gebod wat die dier wou verander het. Met daardie verwysing maak die engel dit duidelik dat ons die Here, en Hom alleen, as die Skeppergod moet aanbid. Om die waarheid te sê, wanneer dit by die sewe teksverse kom wat in Openbaring 12 tot 14 na aanbidding verwys, is hierdie (*hfst. 14:7*) al een wat oor ware aanbidding gaan. Die ander ses waarsku teen die vals soort, wat op die aanbidding van die dier en sy beeld neerkom (*Op. 13:4, 8, 12, 15; 14:9, 11*). In die derde engel se beskrywing het ons eers die lot van diegene wat by vals aanbidding betrokke is, en direk daarna, diegene wat God waarlik aanbid: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooi van God en die geloof in Jesus bewaar” (*Op. 14:12, OAB*).

Met ander woorde, hierdie drie hemelse aankondigings skei die ganse mensdom in twee kampe: Dié wat die Skeppergod aanbid deur al sy gebooi te hou, insluitende die Sewendedag-Sabbat, enersyds; en diegene wat die dier en sy beeld aanbid, andersyds. Die vals vorm van aanbidding waarvan die Bybel hier praat, staan lynreg teenoor die aanbidding van die Skepper deur die onderhouding van die Sabbatsgebod.

**Dink ’n bietjie oor die verband tussen aanbidding en lojaliteit na. Watter aspekte van aanbidding is onontbeerlik vir ons lojaliteitsbetoning aan God?**

## Die seël van God

'n Seël is soos 'n handtekening, dit maak 'n dokument geldig en bindend. In die verre verlede het gesaghebbendes 'n stempel gebruik wat op sagte was of op klei gedruk is. Daardie seël het dan die egtheid en eienaarskap van die dokument aangetoon – wie die boodskap gestuur en watter gesagsposisie daardie persoon beklee het.

**Wat is die seël van God, en hoe en wanneer ontvang 'n mens dit? Ef. 1:13, 14; hfst. 4:30; 2 Tim. 2:19; Op. 7:1-4; 14:1.**

---

Die seël van God is 'n teken dat ons aan Hom behoort en onder sy beskerming is. Paulus praat van 'n verseëling wanneer dit by bekering en die ontvangs van die Heilige Gees as gawe kom. Daardie gawe wat die bekeerling ontvang, noem hy 'n “onderpad” (oftewel “afbetaling”) – 'n waarborg van die algehele redding en ewige erfenis wat elke gelowige by die wederkoms gaan ontvang. Openbaring voeg ook 'n ander vorm van verseëling by wat net voor die wederkoms van Jesus gaan plaasvind. Daardie is die laaste soort seël en is slegs vir die 144,000. Hulle ontvang dit ten tye van die “laat reëns,” d.w.s. met die laaste groot uitstorting van die Heilige Gees. Diesulkes het die Naam van die Here (sy “handtekening”) op hul voorkoppe. Die Gees werk deur hul lewens. Derhalwe weerspieël hulle die karakter van God in woord en daad.

**Vergelyk die seël van God met die merkteken van die dier. Hoe verskil dit van mekaar? Noem al die verskille op. Op. 7:3 en hfst. 14:9.**

---

Die seël word aan die aanbidders van die lewende God gegee, terwyl die aanbidders van die dier sy merkteken ontvang. “Op hul voorkoppe” (*NAB*) – dit is al plek waar die ware gelowiges die seël van God ontvang, 'n aanduiding van hul doelbewuste wilsbesluit om God volgens sy voorskrifte te aanbid. Die merkteken van die dier, daarenteen, is óf op die hand óf op die voorkop. Dit beteken dat mense die dier om een van twee redes gaan aanbid. Miskien strook hul denke met die dier s'n, hoewel diesulkes verkeerdelik meen dat hulle die ware God aanbid. Ander stem weer nie met die dier saam nie. Tog wil hulle hom nie teëgaan nie, uit vrees vir die ernstige gevolge – naamlik dat hulle die reg om te koop en verkoop, en later die reg tot lewe self, sal verloor (*Op. 13:17, 15*). “Diegene wat hul lewens na wêreldse idees skik, beland in sy gietvorm. Hulle is kandidate-in-wording vir die merkteken van die dier. Daarteenoor het ons diegene wat nie op hul eie insigte staatmaak nie, dié wat hulle voor die Here verootmoedig en hul harte deur gehoorsaamheid aan die waarheid suiwer. Dit is hulle wat hul lewens in die hemelse gietvorm plaas, wat kandidate vir die seël van God word, daardie teken wat hulle op die voorkop sal ontvang” (Ellen G. White, *Testimonies for the Church*, vol. 5, bl. 216).

## Die merkteken van die dier

Wat is dié merkteken wat ons eenvoudig móét vermy, kom wat wil? Soos ons in ’n vorige les gesien het, sal Daniël 7 se vierde dier-moondheid in sy slotfase (wat ooreenstem met Openbaring 13 se dier wat uit die see opkom), “probeer om tye en wet te verander” (*Dan. 7:25, OAB*). Een van die gebooue wat hy graag wou verander, was die vierde gebod, oor die Sabbatdag – die enigste van die tien wat direk na God verwys as die een wat “die hemel en die aarde gemaak [het], die see en alles wat daarin is, en [wat] op die sewende dag... gerus [het]” (*Eks. 20:11, OAB*).

Met sy verwysing na daardie einste gebod wat die dier-moondheid probeer verander het, sê die eerste engel dat ons die Here as Skeppergod, en Hom alleen, moet aanbid. Daarna maan hy dat ’n vreeslike lot op diegene wag wat verkies om “die dier en sy beeld” (*Op. 14:9*) te aanbid. Daarna beskryf hy God se getroue kinders in vers 12.

**Lees Openbaring 14:12. Let op die somber konteks waarbinne hierdie beskrywing van die oorblyfsel gegee word. Dit bied ’n mens ’n beter begrip oor die geweldig deurslaggewende rol wat die Sabbat in die eindtyd gaan speel. Hoe so?**

---



---



---

Die teksvers sê: “Hier kom die lydsaamheid van die heiliges te pas; hier is hulle wat die gebooue van God en die geloof in Jesus bewaar” (*Op. 14:12, OAB*). Soos ons reeds gesien het, is die vierde gebod – die een oor die Sabbat, wat daarop dui dat God die Skepper is en dat Hy, en Hy alleen, aanbid behoort te word – deel van daardie “gebooue van God.” Dit verklaar hoekom so baie gelowiges ’n direkte verband tussen die “merkteken van die dier” en Sondagsviering bespeur, waar laasgenoemde ’n vals “Sabbat” is met geen Bybelse grondslag nie, teenoor die viering van die Sewendedag-Sabbatsgebod wat wel Bybels is.

Betekende dit egter dat Christene wat op Sondag aanbid reeds die merkteken van die dier ontvang het? Nee. Volgens Openbaring 13:15 gaan diegene wat weier om die dier en sy beeld te aanbid, doodgemaak word. Dit is dan letterlik ’n saak van lewe of dood. Duidelik het ons nog nie daardie punt bereik nie, en die merkteken van die dier sal nie voor daardie vuurdoop gegee word nie – m.a.w. geeneen het nog die merkteken van die dier ontvang nie.

**Gehoorsaamheid aan God en sy gebod. Geloof in Jesus. Hoekom is hierdie eienskappe nou reeds van kardinale belang vir die ware gelowige?**

## Die sabbat as die seël van God

Soos ons reeds gesien het, is die Sewendedag-Sabbat al vanaf die grondlegging van die aarde 'n teken waaraan God se kinders uitgeken word. Adam en Eva was die eerstes. Die Sabbat was ook 'n verbondsimbool vir die Israeliete. Die voortsetting daarvan in die Nuwe Testament blyk uit die voorbeeld van Jesus en ook die apostels. Laastens is dit ook die kenteken vir God se eindtydkinders, dié “wat die gebooe van God en die geloof in Jesus bewaar” (*Op. 14:12, OAB*).

**Hoekom is die Sabbat so belangrik en watter spesiale betekenis het dit vir die Christen? Eks. 20:8-11; Heb. 4:9, 10.**

---

Die Sabbat lê aan die kern van die tien gebooe. Dit is 'n gawe van die Skepper, en is 'n teken – oftewel seël – van sy oppergesag. Die sê vir ons wie se seël dit is: “die Here jou God” (*OAB*), en baken ook daardie persoon se magsgebied af, die gedeelte waarvoor Hy jurisdiksie het: “die hemel en die aarde... die see en alles wat daarin is” (*OAB*). Voorts gee dit die rede vir sy mag en gesag: “Want in ses dae het die Here die hemel en die aarde gemaak... en op die sewende dag het Hy gerus” (*OAB*).

Die Nuwe Testament identifiseer Jesus as die Een deur wie God alles geskape het (*Joh. 1:1-3; Kol. 1:16; Heb. 1:1, 2*). Jesus is die Een wat die aarde in ses dae geskep en toe op die sewende dag gerus het. Dit is hoekom Jesus se sterwenswoorde daardie Vrydagmiddag aan die kruis so uiters betekenisvol is. “Dit is volbring!” het Hy uitgeroep (*Joh. 19:30, OAB*). Net soos wat Hy op die Sabbat na sy skeppingstaak gerus het, so het Hy gedurende die Sabbatsure na sy verlossingstaak – Sy soendood ter redding van die mens – in die graf gerus. God het die Sabbat tweemaal geheilig, eers by die skepping en daarna by die kruis. Dit is waarvan Hebreërs praat, waar dit sê dat die gelowige deur die viering van die Sabbat Christus se rus ingaan. Die gelowige “rus van sy [of haar] werk, net soos God van Syne” (*Heb. 4:10, NAB*). Die Sabbat is dus die perfekte simbool, wat toon dat selfredding buite die kwessie is, en dat ons verlossing deurgaans aan Christus en sy bediening te danke is, 'n gawe wat ons deur geloof ontvang (*vergelyk dit met Heb. 12:2*).

**As die Sabbat dan 'n simbool is van die gelowige wat alle pogings tot redding deur werke staak en op daardie manier tot ruste kom, is die vraag net: Wat beteken Sondagviering dan, en hoe strook dit met die basiese aard van Babilon?**

---

## Vir verdere studie:

“Sodra die kinders van die Here die seël van God op hul voorkoppe ontvang het – nie die gewone soort wat ’n mens kan sien nie, maar beide ’n intellektuele en geestelike tuismaking in die waarheid, wat die gelowige onwankelbaar maak – ja, sodra daardie verseëling afgehandel is, en hulle gereed vir die skudding is, sal dit gebeur. In ’n sekere sin het dit alreeds begin, want tekens van God se oordele is reeds sigbaar... sodat die dinge wat kom ons nie onkant sal vang nie” (Ellen G. White, *The Faith I Live By*, bl. 285). “Die Sabbat gaan die groot lojaliteitstoets wees, aangesien dit ’n waarheid is wat alom ondermyn word. Wanneer die uur van beslissing aanbreek vir die mens, sal die skeidslyne – tussen wie die Here dien, en wie Hom nie dien nie – duidelik getrek word. So gaan dit wees: Die onderhouding van ’n vals Sabbat omdat die landswette dit vereis, maar wat ’n verbreking van die vierde gebod is, enersyds; en die onderhouding van die ware Sabbat, uit gehoorsaamheid aan die wet van God, andersyds. Die een kom neer op lojaliteit aan ’n mag wat in opstand teen God is, en die ander getuig van lojaliteit aan die Skeppergod. Terwyl die een groep die simbool van onderdanigheid aan aardse regeerders aanvaar en sodoende die merkteken van die dier ontvang, kies die ander groep die kenteken van hul lojaliteit aan die hemelse regering en ontvang sodoende die seël van God” (Ellen G. White, *The Great Controversy*, bl. 605).

## Vrae vir bespreking:

- 1. Op watter maniere kan ’n mens die waarheid oor die merkteken van die dier en die seël van God met ander deel, sonder om doelbewus tweespalt te skep? Hoekom moet ons, byvoorbeeld, daarop klem lê dat niemand nog die merkteken van die dier ontvang het nie?**
- 2. Wat is die verband tussen die Sabbat en die verseëling deur die Heilige Gees?**
- 3. Oordink die sinsnede waarin die seël van God as ’n “intellektuele en geestelike tuismaking in die waarheid” beskryf word. Wat beteken dit?**
- 4. Bespreek die eienskappe van geestelike Babilon, die waardes en benaderings wat dit volg. Hoe verskil dit van die eienskappe, waardes en benaderings van God se koninkryk? Op watter wyse kan die waardes van Babilon ongesiens posvat in die kerk? Hoe gemaak om dit te leer raaksien en aanspreek – maar op ’n mooi manier, soos dit ’n ware Christen betaam, een wat die waardes van die koninkryk uitleef?**